# 16 *Woensdag*

**SKRIFGEDEELTE: MIGA 6:1 – 7:6**
**FOKUSGEDEELTE: MIGA 6:8, 9**

**God se voorskrif is duidelik**

Ons dink aan die Slag van Bloedrivier, toe die Here in ons land redding en uitkoms vir gelowiges bewerk het.

Eweneens roep Miga die volk op om te dink aan die uitkoms wat God vir sy volk bewerk het deur hulle uit Egipte te verlos. Voorts moet hulle dink hoe Bileam 'n instrument in God se hand was om die volk te seën, so anders as wat Balak wou hê. Verder moet hulle dink aan alles wat tussen Sittim (in die woestyn) en Gilgal (by die beloofde land) gebeur het.

Wanneer God se volk nie meer aan Hom dink nie, vergeet hulle Hom en sy weldade en dwaal hulle weg van die Godspad en sondig hulle. Dit is wat gebeur het en daarom kom die oproep om hulle met hulle hele hart te bekeer tot God.

Godsdiens gaan vir God nie om die uiterlike offers alleen nie, maar die offers moet met die regte gesindheid gebring word.

Sy volk en óók ons vandag, weet presies wat God verwag. Dit is in ons teksvers verwoord. God vra vandag nog dat elkeen reg sal laat geskied, dat elke gelowige liefde en trou sal bewys, dat elkeen bedagsaam sal lewe voor die Here, ons God.

Bedagsaamheid is die kern waarom dit in ons Godsdiens gaan. Ons kan nie onnadenkend 'n gebed aframmel en nie dink tot Wie ons bid nie.

Trouens, om God te dien, vra besondere bedagsaamheid en werklike toewyding. Laat ons Hom elke dag willens en wetens dien met ons hele hart en al ons krag.

*Sing: Psalm 100:3, 4*

*Ds. DF (Dawid) Coetzee (Piet Retief)*